# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Koninkrykstyd

13 OKTOBER 2023 | JAARGANG 21

UITGAWE
17

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **Ons ringe - hoe werk dit en waarom is dit belangrik?**

## 04 ARTIKELS

04 Vennote in Getuienis | **DEGNOS – die sendingbediening aan die San in Namibië**

04 Vennote in Getuienis | **Groeperinge in Islam: Die Soefi's**

04 Afrika Ekumene | **Op besoek aan Kerk in Actie, Nederland – ons hoofborg vir Kontekstuele Bybelstudie**

04 Visionering | Inligtingsdokument: **Bevoegdheid van predikante, proponente, diensleraars en emeriti**

04 Visionering | Kerkorde-dokument: **Kronologiese, kerkregtelike stappe tydens die beroeping en bevestiging van 'n nuwe leraar**

04 Algemeen | **Gideon van der Watt: Die middestad vertel 'n storie**

## 06 DIS 'N RING-DING

06 Ring-projekte | **Ring van Fauresmith**

## 08 MEDIATEEK

08 Boek en Inventaris | ***Paul and the Power of Grace***

## 09 EKOLOGIE

09 **Erfenis, liefde en biodiversiteit**: *Buffer teen verandering*

## 10 AKTUEEL ALGEMEEN

10 Algemene Sinode | Uitnodiging tot gebed

11 Advertensies

12 Opfrissingskursus vir spirituele begeleiers | 2024

## 14 OPLEIDING

## 15 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 16 BETREKKINGS

## 17 KALENDER

## 18 VERJAARSDAE

## 19 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Charl Stander
Christo Weideman
Gideon van der Watt
Johan Kruger | Bybelmedia
Missie Japan | CLF | UV
Kerkbode | Getuienisaksie
VrydagNuus, Kaapkerk
Blêr | Martin Schwella

---

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

**19 - 20 MAART 2024**
AANDAG **VRYSTAATSE SPIRITUELE BEGELEIERS**

Die Sentrum vir Spiritualiteit bied in 2024 'n opfrissingskursus aan vir alle spirituele begeleiers wat sedert 2007 opgelei is - **SKRYF NOU IN!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 27 Oktober**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


**BYDRAES EN NAVRAE**
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za




# VRYPOS-FOKUS

# Ons ringe hoe werk dit en waarom is dit belangrik?

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

*"As ons kyk na die mandate wat die Kerkorde aan die ring toeken, is dit duidelik dat die ring die belangrikste kerkvergadering naas 'n kerkraad is. Die ring is in 'n sekere sin die ruggraat van die kerkverband, omdat dit 'n onmisbare bydrae tot die optimale funksionering van beide die sinodale sisteem én gemeentes lewer."*

***Ds Charl Stander***

Dis altyd goed om net weer te hoor hoe ons ringe behoort te funksioneer en waarom dit so belangrik vir die kerkverband is. Om ons meer hieroor te vertel, het ons gaan kers opsteek by ds Charl Stander, voorheen aktuarius van die NG Kerk Wes-Kaapland, en dr Bertus Celliers, lid van die Sinodale Taakspan Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat.




*Foto: Vrystaat-ringe. Canva.com*

Hulle het onlangs tydens 'n ringskommissiewerkwinkel op Clarens hierdie onderwerp onder die loep geneem.

**Bertus, verduidelik asseblief vir ons hoe die rol van ringe in die verlede verstaan is.**

"Vir die afgelope eeu of twee was die ring hoofsaaklik verantwoordelik vir die vul van predikantsposte, die aanwys van konsulente, die behartiging van tugsake en om deur middel van ringsvisitasie 'n oorsigrol ten opsigte van die funksionering van gemeentes te vervul.

**Dit klink baie ondersteunend en sinvol, Charl, maar waarom weet lidmate en kerkraadslede dikwels nie van watter waarde ringe vir hul gemeentes is nie?**

"Maar as ons kyk na die mandate wat die Kerkorde aan die ring toeken, is dit duidelik dat die ring die belangrikste kerkvergadering naas 'n kerkraad is. Die ring is in 'n sekere sin die ruggraat van die kerkverband, omdat dit 'n onmisbare bydrae tot die optimale funksionering van beide die sinodale sisteem én gemeentes lewer.

"Die ringskommissie het dus 'n baie belangrike funksie, aangesien die ring tegnies eintlik net funksioneer wanneer die ring in vergadering is, en die ringskommissie as gevolmagtigde van die ring bykans al die werk moet doen wat die Kerkorde aan die ring opdra.

"Let wel dat nie een van die vier kerkvergaderings – kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode – oor die ander heers nie, behalwe ten opsigte van die mandaat en gesag wat deur gemeentes aan hulle toegeken is."

**Maar ringsverantwoordelikhede het ook oor die jare verander, nè Bertus?**

"Ja-nee, daar het die afgelope dekade of wat groot veranderinge op verskeie terreine van gemeente-wees en predikantsbediening plaasgevind. Ons is almal deeglik hiervan bewus. Dit skep noodwendig ongekende vrae en nuwe uitdagings aan gemeentes en ringe.

"Vrae soos: Hoe help ons gemeentes met hul kerkwees en hul Woordbediening wat so essensieel is? Hoe help ons predikante wat te midde van al hierdie verskuiwings en uitdagings steeds bedienaars van die Woord moet wees? "Vir die ring wat so nou gemoeid is met gemeentes, skep dit groot uitdagings; vandaar die behoefte aan hierdie gesprek. Die ring kan immers 'n groot rol in die begeleiding van gemeentes en hul aanpasbaarheid by nuwe uitdagings speel."

**Die ring en die sinode is 'n skepping van gemeentes, nie andersom nie. Waarom hou gemeentes dan hierdie kerkvergaderings, Charl?**

"Alhoewel 'n gemeente 'n selfstandige regspersoon is en besluite oor sy eie sake soos oor eiendomme ...

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA EKUMENE | ALGEMEEN

VENNOTE IN GETUIENIS

Vennote in Getuienis

## DEGNOS – die sendingbediening aan die San in Namibië

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Vennote in Getuienis

## Groeperinge in Islam: Die Soefi's

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Getuienisaksie

## Op besoek aan Kerk in Actie, Nederland – ons hoofborg vir Kontekstuele Bybelstudie

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

VISIONERING

Inligtingsdokument

## Bevoegdheid van predikante, proponente, diensleraars en emeriti

*Verwerk deur ds Charl Stander, Saakgelastigde, Kaapkerk*



**Klik hier**

VISIONERING

Kerkorde-dokument

## Kronologiese, kerkregtelike stappe tydens die beroeping en bevestiging van 'n nuwe leraar

*Verwerk deur ds Christo Weideman, Verteenwoordiger: STK, NG Kerk Vrystaat*




**Klik hier**

ALGEMEEN

#loopvirhoop

## Gideon van der Watt: Die middestad vertel 'n storie

*Oorgeneem uit Netwerk24 en Volksblad*



**Lees hier**

V R Y S T A A T

# BRANDE

**HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP**

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

## HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za



# DIS 'N RING-DING

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

## Ring van Fauresmith

"… ons eerste prioriteit (is) nou eers om te fokus op die prediking van die Woord en om hulp te verleen aan ons vakante gemeentes …"

***Ds Natasha du Plessis***

*Voorsitter van die Ring van Fauresmith en leraar van NG Gemeente Luckhoff*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Fauresmith betref, is daar by die sinodale bedienings, Bedieningsbegeleiding en Diens van Barmhartigheid, ingeskakel," vertel ds Natasha du Plessis, voorsitter van die Ring van Fauresmith en predikant van die NG Kerk Luckhoff.

**Die Ring van Fauresmith het unieke omstandighede en uitdagings. Ons het meer daaroor by Natasha gaan uitvind.**

"Ek is in 2022 as proponent bevestig waar vyf predikante, di Carin van Schalkwyk, Jaco Thom, Elize Stander en Christo Herbst teenwoordig was. Skaars enkele maande daarna was ek ál predikant in die ring oor; ek was voorwaar aan die diep kant ingegooi! Ons ring het dus in 2022 net een predikant (die uwe) gehad wat die hele ring moes bedien; iets wat natuurlik 'n groot uitdaging was.

"Sedert November 2022 het ons ring bestaan uit een predikant asook bekwame ouderlinge en diakens vanuit elke gemeente; daar kon onder leiding van die Heilige Gees baie veranderinge plaasvind.

"In 2023 het daar twee predikante tot die ring toegetree, naamlik ds Gerdrie van der Merwe (NG Kerk Trompsburg) en ds Mias Nortier (NG Kerk Jacobsdal).

"Ons ring bestaan uit die volgende gemeentes: Fauresmith, Luckhoff, Trompsburg, Jagersfontein, Philippolis, Jacobsdal, Petrusburg, Koffiefontein, Springfontein en ons werk ook saam met Gariep en 'n ander gemeente naby hulle."

**Lees meer** »

# Deel van God se storie

Vrouekonferensie



Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

## 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

**AANBIEDERS**

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

**Aanlyn Besprekings**

BINNEKORT OOP

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat


# Paul and the Power of Grace

## *JOHN M. G. BARCLAY*

William. B. Eerdmans Publishing Co.

*SOFTCOVER*

*ENGLISH | PUBLISHED 2020 | THEOLOGY*




"*Paul and the Gift* changed the landscape of Pauline studies forever upon its publication in 2015. In it, John Barclay led readers through a recontextualized analysis of grace and interrogated Paul's original meaning in declaring it a "free gift" from God, revealing grace as a multifaceted concept that is socially radical and unconditioned—even if not unconditional.

*Paul and the Power of Grace* offers all of the most significant contributions from *Paul and the Gift* in a package several hundred pages lighter and more accessible. Additionally, Barclay adds further analysis of the theme of gift and grace in Paul's other letters and explores contemporary implications for this new view of grace."

***Oorgeneem uit*** *© Christian Book Discounters 2023*

## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.



# ERFENIS, LIEFDE EN BIODIVERSITEIT

## Buffer teen verandering

**Oorgeneem** | Getuienisaksie Kaapkerk

"Biodiversiteit vorm 'n buffer teen verandering van die omgewing. Hoe meer spesies ons uit 'n ekosisteem haal, hoe kwesbaarder word daardie sisteem – om later inmekaar te stort wanneer sekere omgewingsfaktore verander. Ons is dus al hoe meer besig om die buffer te verswak wanneer ons die biodiversiteit verminder." So verduidelik ds Petri Coetzee van die NG Gemeente Albertinia. Lees gerus meer oor hierdie baie interessante onderwerp **HIERONDER**.

**DEUR** DS PETRI COETZEE, NG GEMEENTE ALBERTINIA

GETUIENISAKSIE
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

Lees hier »

# UITNODIGING **TOT GEBED**

## "Gaan voor ons uit, Here"























Graag nooi ons jul uit om in die komende week vanaf Sondag 15 Oktober in 'n gees van gebed saam met die 370 afgevaardigdes na die 18de Algemene Sinode in Birchwood, na die teenwoordigheid van God te soek. Uit die Eksodusverhaal gaan ons hoofstuk 33 lees, toe Moses en Israel se diepste verlange net was dat God Sélf by hul sal wees en die weg vorentoe vir hul sou aandui; saam met hul sal gaan...

Hier volg meer inligting wat u op so 'n gebedsreis sáám met die Algemene Sinode sou kon neem, maar ook vir u eie binnekamer en lewe voor God se aangesig. Hy roep ons op tot hoop en vernuwing...


*Ons wil almal in NG Kerke regdeur Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe, Zambië en elders in die wêreld, uitnooi om saam te bid:*

**"GAAN VOOR ONS UIT, HERE – WYS U DIE WEG ONS AAN."**

LEES MEER


Geskape – Geroep –
Created – Called – Com
NUUT
Klik hier


Academic and Theology Books
Christianity in Eurafrica
Say it in isiXhosa
South Africa
UNKNOWN
Klik hier


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
CHRISTIAN BOOKS, SPIRITUAL GROWTH, INSPIRATION
info@clf.co.za
021 873 6964
shop.clf.co.za
Klik hier


Get ready for the
WILDEST WACKIEST
Day of the Year!
Omgie Civvie Day will take place on
Friday, 27 October
in collaboration
Engo
arinique@engo.co.za or send a WhatsApp to 060 548 5543
Klik hier


MOENIE UITMIS OP ONS
GO/ART DE OLIVIA DAGBOEKE
2024
2024
A4 DAGBOEK
R350 per dagboek
A5 DAGBOEK
R250 per dagboek
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
Klik hier


ENGO DESKPADS 2024
INTRODUCING THE STUNNING NEW ENGO ART DE OLIVIA DESKPADS
2024
Januarie
BY SENDING AN EMAIL TO INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier


KOOP NOU
LUISTER
God se stem in my lewe
LISTEN
God's voice in my life
BM
www.bybelmedia.org.za
Klik hier


1873 - 2023
GOD SE LEWEGEWENDE STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK VOORAF!
R500
NG KERK FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING: Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier


nk you Bible project donors
ur help we have already sh
ove and joy with almost 6,
children so far this year!
132,309
children have been blessed with their own Children's Bible in their own language since August 2010.
Klik hier

REGISTER NOW!

# INFORMATION BROCHURE
# SPIRITUAL DIRECTION REFRESHER COURSE 2024

Everyone who has completed the spiritual direction course since 2006 are invited to enroll for the spiritual direction refresher course.
The refresher course is specifically aimed at people who want to be spiritual directors accredited with the Centre for Spirituality.

**The aim of the refresher course is to:**

- re-ignite our passion for spiritual direction;
- sharpen our skill as spiritual directors; and
- accredit participants as spiritual directors with the Center for Spirituality.

**Requirements during the year of the refresher course:**

- to start or continue your own process of spiritual direction (supervision);
- to practice a daily personal contemplative practice (Centering Prayer); and
- to attend one 3 night guided silent retreat during the year.

## Format of the refresher course:

4 blocks of two days each focused
on equipment and training

19/20 March
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00 -15:00
Theme: Faith practices
The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

20/21 August
*(2 mornings on zoom)*
9:00-13:00
Theme: Image of God and view of Scripture
Spiritual Direction in Practice

18/19 June
*(2 mornings on zoom)*
9:00 – 13:00
Theme: The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

22/23 October
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00-15:00
Theme: Discernment and Vocation
Spiritual Direction in Practice

LEARN MORE

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS
THEOLOGY AND RELIGION

## Requirements for admission

Requirements for admission and academic articulation: A four-year degree in Theology or, alternatively, a three-year Bachelors degree followed by an Honours degree. The successful completion of the Masters programme in Spiritualty, based on certain requirements, provides students access to enrolment for a PhD in Spirituality.

**Cost of the program**
The University of the Free State yearly stipulates the cost of the programme. It is possible to apply for a limited number of available bursaries.



Contact details:
theology@ufs.ac.za

Annelize Dreyer
Practical and Missional Theology
051 401 3430
DreyerA@ufs.ac.za



## MTh in Spirituality
"... the lived experience of Christian faith and discipleship"

VISION 130
Renew and Reimagine for 2034

UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS THEOLOGY AND RELIGION

# Postgraduate Diploma in Theology at the University of the Free State

*Are you called to serve as a leader in your church needing formal theological training?*

# Postgraduate Studies in Practical and Missional Theology

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

excelsus
SENTRUM VIR
BEDIENINGSONTWIKKELING

## Kom lees die Nuwe Testament

VBO FORUM

**11-12 Oktober** | Die tweede van 'n reeks aanlyn aanbiedinge per Zoom oor die lees van die Bybel: "Bybellees". Kom ons lees die Nuwe Testament: *Saam met Jesus op die berg*. In hierdie werkswinkel word daar gefokus op die Matteus-evangelie deur die lens van die bergmotief wat op sleutelplekke in die boek aangetref word deur Dr André Bartlett. Koste: R105 | VBO: 20 punte | Sluitingsdatum: 9 Oktober 2023.

Lees meer + Registreer +

NUUT

## Dié kursusse open nuwe deure

VBO FORUM

Elk van hierdie kursusse bevat 12 sub-temas en studente kan enige tyd van die jaar registreer. Al die kursusse word via afstandonderrig aangebied. Leraars ontvang 55 VBO-punte vir elke kursus en 20 punte vir lede van CPSC (Beradersvereniging). Ná suksesvolle voltooiing van enige van dié Jaarkursusse kan daar ook aansoek gedoen word vir amptelike registrasie as Pastorale Berader by CPSC. Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie. Studente kan in enige stadium van die jaar registreer. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer +

## Inleiding tot Emosionele Logika

VBO FORUM

Voel jy kwaad en magteloos oor beurtkrag? Ontdek die logika van jou emosies.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

POTGOOI | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**RSG-Potgooi**
*Binnekamer*

**Luister »**

*Oorgeneem uit © 2023 121cast Pty Ltd*

**Publikasie**
*Uittogpad*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Luister: God Se Stem In My Lewe*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Slypskool 2023 | Ons omgewing: Verslag wil erken dat oorsake en gevolge van rampe kompleks is** »

*Kerkbode | Artikels | 13 Oktober 2023*
*Dewald Hoffmann*

**#vrystaatbrande: Boer getuig God se Hand was oor sy seun (31) in veldbrand** »

*Kerkbode | Artikels | 5 Oktober 2023*
*Heléne Meissenheimer*

**Slypskool 2023: 'n Nuwe ratkas vir teologiese opleiding?** »

*Kerkbode | Artikels | 4 Oktober 2023*
*Martin Laubscher*

**Teologiese Opleiding: Só maak mens voorts met navrae** »

*Kerkbode | Aktueel, Verklarings*
*27 Mei 2022*

# BETREKKINGS

## VAKATURES | PREDIKANTENUUS




OORGENEEM UIT KERKBODE




OORGENEEM UIT KERKBODE













OORGENEEM UIT KERKBODE

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Stefan Schoeman**, van NG Gemeente Ottosdal, het die beroep na NG Theunissen Moedergemeente aanvaar. Sy bevestiging sal op Sondag 5 November 2023 om 09:30 te Moedergemeente plaasvind. **Ds Danell Swanepoel** is op Sondag 8 Oktober 2023 in 'n tentmakerspos (12 maande) by NG Gemeente Jacobsdal, bevestig. Ds Mias Nortier het die bevestiging behartig. **Ds Stefan Conradie** van Arlington/Lindley het die beroep na Reitz-Wes aanvaar. Sy bevestiging sal op Saterdag 2 Desember 2023 plaasvind. **Ds Willam Strauss**, leraar van NG Gemeente Tweeling, se kontraktermyn het verstryk (en is nie hernu nie).


**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslearaars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

**Nuut**

# OKTOBER

Belangrike datums en gemeentegebeure

**2023**

## GEMEENTEGEBEURE

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk
Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# VERJAARSDAE



## Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## OKTOBER »

**17** Ds Barry van Wyk
**PARYS-WES**

**20** Ds Dirk Venter
**VREDE**

**23** Ds Dylan Allen
**BOTHAVILLE**

**24** Ds Phillip McLaren
**BEDELIA**

**25** Ds Jannie du Plessis
**BRANDFORT**

**26** Ds Thania Botha
**UNIVERSITAS/VERKEERDEVLEI**

**28** Ds Riekie Wilken
**DEALESVILLE**

**28** Mev Lisma Liebenberg
**SINODALE KANTOOR**

**31** Ds Gerhard Wessels
**DAGBREEK**

# Die Verlore Skapie

## Bid my Blêr

deur Martin Schwella



"Leon, die lammertjie wat gedurig loop en droom, woon nou al 'n paar maande saam met sy ouers in Blêrfontein.

Leon voel nou al deel van die gemeenskap en het nou al met 'n hele paar van die diere te doen gekry. Daar was plaashond-Oompies, tannie katte en diere van elke soort. Onthou julle, Blêrfontein is eintlik 'n skapedorp en Leon het heelwat oulike skape ontmoet. Daar is skape by sy skool, by die winkel en van sy mamma en pappa se vriende is ook skape. Dan is daar skape soos tannie Êna, van wie Leon baie hou, al dink die ander diere sy is bietjie vreemd. Leon het ook 'n held ontmoet, Armach Breytenblaf die skaaphond, wat hom beskerm het teen die nare Jan Jakkals.

Hy het ook gehoor van die "Herder", die een wat ons veilig laat wei. Alhoewel dit vir Leon nog bietjie vreemd was.

En dan, is daar is nog een skapie wat ons nie genoem het nie ...

"Ek wonder wat maak Tjoppie vandag?" dink Leon en besluit om sy mater te gaan opspoor. Tjoppie is Leon se blêr, sy beste blêr. Leon stap af in sy straat opsoek na Tjoppie. Tjoppie is 'n skaatsplank-skapie en skaatsplank-skape is gewoonlik op Saterdae by die skaatsplank-park. So, Leon stap daarheen.



Toe Leon by die skaatsplank-park arriveer is Tjoppie nêrens te vinde nie. “Ek wonder waar kan hy wees?” sê Leon hardop. “Hmmm ...” snif hy terwyl hy sy kennetjie vryf met oë wat oral kyk.

Siedaar! Daar, daar anderkant sit Tjoppie op ‘n bankie in die middel van die park net oorkant die straat. Leon is sommer opgewonde en hy hardloop reguit soontoe. Hy kyk natuurlik eers regs en links en dan weer regs voordat hy oor die pad beweeg. Soos wat hy nader stap aan Tjoppie hoor hy dat Tjoppie met iemand gesels, maar daar is niemand naby hom nie.

“Dankie, Here, dat U so mooi dag gemaak het. U is goed. Dankie dat U my beskerm het vandag by die skaatsplank-park. U is my herder, dankie dat U my veilig laat wei ...” praat Tjoppie verder. Hy is eintlik besig om te bid, maar Leon weet dit nie. “... Amen!” bid Tjoppie klaar. “Haai my Blêr!” groet Leon terwyl hy agter Tjoppie staan.

“Met wie praat jy?” vra Leon.

Lees meer hier, my BLÊR

TEKS: **MATTEUS 6:26** (AFR83)

**Dr Johan Kruger** | Leraar van NG Gemeente Bothaville-Noord

# Voëlkykers is toe nie so *weird* nie!

*"Kyk na die wilde voëls: Hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?".*

**MATTEUS 6:26 (AFR83)**

Ek is en was nog nooit 'n voëlkyker nie. Tog val die helfte van my familie onder die kategorie van "voëlkykers". In my eie denke bly dit 'n spesie van die mensdom wat aan die weird kant is, want indien daar êrens heen gery moet word, moet die verkyker en voëlboek eerste ingepak word. In hierdie voëlboek word dan aangeteken dat 'n spesifieke voëltjie op 'n sekere plek en op 'n sekere dag raakgesien is. En dan kan die geselskap so maklik oorgeneem word deur opgewonde voëlkykers se eerste gewaarwording van 'n baie "seldsame" voëltjie asof dit in die hele geselskap se belangstellingsveld val.

Daarom bly dit vreemd dat wanneer Jesus oor 'n lewe in God se Koninkryk (vgl Matteus 6:33) praat, Hy sy volgelinge oproep om na wilde voëls te kyk. Jesus sê: ***"Kyk na die wilde voëls: Hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"*** (Matteus 6:26)

Die woordjie "kyk" kom meer as 1300 keer in die Bybel voor. Die meeste Engelse vertalings van die Bybel gebruik die woord "behold". 'n Goeie sinoniem vir "kyk" sou dus ook kon wees "om te aanskou". Om te aanskou dui op 'n dieper kyk of 'n aanhou-kyk. Dit is om te kyk met intensie en verwagting. Dit is 'n verwagting dat, as ek aanhou kyk, ek iets kan "sien" van dit waarvan ek nie nou bewus is nie. Wat behoort ek raak te sien en waarvan moet ek bewus raak?

**Lees meer** »



Foto: **Dr Johan Kruger**

**DOEN JY ADMINISTRASIE?** **HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za


NG Kerk
Vrystaat
2024
STUDENTE
BEURSAANSOEKE
NOU OOP!
DOEN AANSOEK
KONTAK ONS
Tertius Botha
(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za
Aansoeke sluit
31 JANUARIE 2024

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking